

Memorandum:

Aktiwiteit 1:


Die volgende tabel toon hoeveel roomys kiënte teen sekere pryse sal koop.

VRAAGSKEDULE:

Prys van roomys:	Hoeveelheid aangevra:
R9	50
R7	100
R5	150
R3	200

Opdrag:

- ❖ Dra die inligting van die bostaande tabel op die grafiek oor deur diekoördinate in te teken en verbind die datapunte om 'n lyngrafiek te vorm.
- ❖ Gee jou grafiek 'n geskikte opskrif en gee opskrifte vir beide die vertikale en horisontale asse.
- ❖ Beantwoord die vrae wat volg.



Vrae:

1. Wat kan jy aflei omtrent die grafiek met betrekking tot die prys van die produk en die hoeveelheid aangevra? (Wat is die verhouding tussen prys en hoeveelheid?)
2. Hoeveel roomys sal kliënte koop as die prys van roomys R6 is? (Jy moet lees van jou grafiek af.)
3. Hoeveel roomys sal kliënte koop as die prys van roomys R8 is? (Jy moet dit weereens van jou grafiek af lees.)

Vrae:

1. Soos die prys toeneem, neem die vraag af.
2. 125 roomyse
3. 75 roomyse

Die vraag na produkte verander voortdurend. Die vraag na roomys is nie deur die loop van die jaar dieselfde nie. Die vraag na somer is baie meer as wat die vraag na roomys in die winter is. Daarom moet dit op die vraagkurwe aangedui word.

AKTIWITEIT 2:

* In hierdie onderstaande aktiwiteit is daar 2 tabelle en daarom gaan jul 2 lyne moet trek op die een grafiek. Die OORSPRONKLIKE VRAAG moet jul merk met 'n V1 en die VERANDERING IN VRAAG moet jul met V2 merk.

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSAPPE GRAAD 9


Toon die vraagkrommes vir Lily se vlieërs.

Oorspronklike vraag

Prys	Vraag (getal vlieërs)
R 20	100
R 40	75
R 60	50
R 80	20
R 100	0

Verandering in vraag

Prys	Vraag (getal vlieërs)
R 20	120
R 40	95
R 60	70
R 80	40
R 100	20



Aktiwiteit 3:


Die volgende tabel toon hoeveel roomys aan kiënte gebied gaan word teen 'n sekere prys.

AANBODSKEDULE:

Prys per roomys	Hoeveelheid aangebied
R10	175
R8	125
R6	75
R4	25

Opdrag:

- ❖ Dra die inligting van die bostaande tabel op die grafiek oor deur die koördinate in te teken en verbind die datapunte om 'n lyngrafiek te vorm.
- ❖ Gee jou grafiek 'n geskikte opskrif en gee opskrifte vir beide die vertikale en horisontale asse.
- ❖ Beantwoord die vrae wat volg.



Vrae:

1. Wat kan jy aflei omtrent die grafiek met betrekking tot die prys van die produk en die hoeveelheid aangebied? (Wat is die verhouding tussen prys en hoeveelheid?)
2. Hoeveel roomys is verskaffers bereid om te verkoop indien die prys van roomys R5 is? (Jy moet lees van jou grafiek af.)
3. Hoeveel roomys is verskaffers bereid om te verkoop indien die prys van roomys R9 is? (Jy moet dit weereens van jou grafiek af lees.)

Vrae:

1. Soos die prys toeneem, neem die hoeveelheid aangebied ook toe.
2. 50 roomyse
3. 150 roomyse

Die aanbod van produkte verander voortdurend. Die aanbod van roomys is nie deur die loop van die jaar dieselfde nie. Die hoeveelheid roomys wat in die somer aangebied word is meer as in die winter omdat die vraag daarna meer gaan wees. Daarom moet dit op die aanbodkurwe aangedui word.

AKTIWITEIT 4:

* In hierdie onderstaande aktiwiteit is daar 2 tabelle en daarom gaan jul 2 lyne moet trek op die een grafiek. Die OORSPRONKLIKE AANBOD moet jul merk met 'n A1 en die VERANDERING IN AANBOD moet jul met A2 merk.

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE GRAAD 9


Toon die aanbodkrommes vir Lily se vlieërs.

Oorspronklike aanbod

Prys	Hoeveelheid verskaf (getal vlieërs)
R 20	0
R 40	30
R 60	50
R 80	60
R 100	65

Verandering in aanbod

Prys	Hoeveelheid verskaf (getal vlieërs)
R 20	20
R 40	50
R 60	70
R 80	80
R 100	105




Om die prys van 'n produk te bepaal moet die vraag en aanbod bymekaar kom, sodat daar nie 'n tekort of 'n surplus van 'n produk sal wees nie.

Die punt waar die vraag en aanbod bymekaar kom word die ewewigspunt genoem.

Dit word ook op die grafiek met 'n "E" aangedui.

(27) Ekwilibrumprys en hoeveelheid:

a.)



Ewewigshoeveelheid: 30kg


Ewewigsprys: R2,75

* Prys wat gevra word is gelyk aan die hoeveelheid wat aangebied word.

↳ Geen tekort of surplus.

Hierdie onderneming gaan al sy voorraad verkoop, maar hy sal ook aan al sy kliënte se behoeftes voldoen m.a.w. daar gaan nie 'n surplus of 'n tekort aan hierdie produk wees nie.

b.)



Ewewigshoeveelheid: 40kg

Ewewigsprys: R4,50

* Hoeveelheid wat aangebied word, is groter as die hoeveelheid wat gevra word.


↳ Surplus: Produsente moet prys verlaag

Hierdie onderneming het te veel voorraad. Die "ideale" hoeveelheid is 30 kg, maar nou bied hierdie onderneming 40kg van hierdie produk aan. So hierdie onderneming gaan met 'n oorskot sit.

Die "ideale" prys wat die mense bereid is om vir hierdie produk te betaal is R3, maar hierdie onderneming verkoop hierdie produk teen R4,50. So minder mense koop hierdie produk en nou sit die onderneming met 'n oorskot.

Die enigste manier vir hierdie onderneming om van hierdie oorskot ontslae te raak is om die prys te verlaag, sodat meer mense die produk sal koop.

c.)



Ewewigshoeveelheid: 20kg

Ewewigsprys: R1,90

* Hoeveelheid wat gevra word, is groter as die hoeveelheid wat aangebied word.

↳ Tekort: Produsente moet prys verhoog

Hierdie onderneming het te min voorraad. Die “ideale” hoeveelheid is 30 kg, maar nou bied hierdie onderneming slegs 20kg van hierdie produk aan. So hierdie onderneming het ‘n tekort aan hierdie produk.

Die “ideale” prys wat die mense bereid is om vir hierdie produk te betaal is R3, maar hierdie onderneming verkoop hierdie produk teen R1,75. So daar is baie mense wat hierdie produk koop en nou sit die onderneming met ‘n tekort.

Die enigste manier vir hierdie onderneming om van hierdie tekort ontslae te raak is om die prys te verhoog, sodat minder mense die produk sal koop.